**Met erkening aan Willem A Landman en Sake 24**

**Agter die nuus (24 Augustus 2011)**

# Etiek is meer as teoretiese vak

**Etiese siening**

**Willem Landman**

Adj.pres. Kgalema Motlanthe het verlede week in 'n toespraak voorgestel dat daar onderrig in etiek op skoolvlak moet wees.

Motlanthe beskou etiek-opvoeding as 'n manier om korrupsie – volgens hom naas rassisme die mensdom se grootste probleem – teen te werk. Hy verdien krediet vir sy herhaalde uitsprake oor ons morele krisis en die wenslikheid van etiese gedrag.

Ons land word deur 'n vloedgolf van onetiese optrede oorspoel. Benewens die normale kwota is die week waarin Motlanthe sy toespraak gehou het, gekenmerk deur stakende munisipale werkers wat informele handelaars beroof en hulle stalletjies verniel het. Selfs blommeverkopers, so eie aan die Kaap, se blomme is vertrap.

Dit lyk dus heel voor die hand liggend dat hierdie soort gedrag deur opvoeding in etiek omgekeer sal kan word, veral deur beïnvloedbare jong mense vroegtydig te bereik. 'n Etiese kultuur kan immers nie oornag geskep word nie. 'n Mens begin as 't ware van onder af en kom uiteindelik by 'n meer etiese samelewing uit.

Etiek-onderrig sou dan beteken dat leerlinge onderrig word om in hulle optrede teenoor ander kernwaardes te eerbiedig – integriteit, respek, verantwoordelikheid, eerlikheid, regverdigheid, en dies meer. As ons verstaan dat ons optrede ander leed aandoen, of hulle regte misken, sal ons ons gedrag aanpas.

Ongelukkig is dit nie so eenvoudig nie, om verskeie redes.

**Uitleef van waardes**

Eerstens is die uitleef van etiese waardes nie iets wat soos ’n vaardigheid of tegniek aangeleer word nie. Waardes (of ’n gebrek daaraan) word van vroeg op ons lewenspad geassimileer en bepaal die gehalte van ál ons dade.

Daarenteen verg spesifieke take – soos die bou van ’n brug, bemarking van produkte, bestuur van ’n motor, of ouditering van ’n maatskappy se boeke – spesifieke tegniese vaardighede. Hierdie take is egter nie waarde-neutraal nie, maar gelaai met waardes.

So kan ’n mens byvoorbeeld ’n produk met valse aansprake bemark, of met die bou van ’n brug die bewapening van die beton bedrieglik, en in stryd met ’n kontrak, verminder om koste te bespaar.

Om eties te leef, verg dus nie net kennis van wat waardes beteken en van ons vereis nie, maar ook die praktiese uitleef daarvan. Die uiteindelike toets vir suksesvolle waarde-onderrig op skool gaan dus nie net teoretiese kennis wees nie, maar ook of dit tot etiese optrede lei.

Byvoorbeeld: Wanneer leerlinge eendag in die private sektor werk, sal hulle korrupsie in hulle maatskappye aanmeld indien hulle daarvan bewus word? Of as hulle in die openbare sektor werk, sal hulle die versoeking kan weerstaan om aan ’n korrupte skema mee te doen en onregmatig daarby baat te vind?

**Klimaat in skole**

Doeltreffende waarde-onderrig geskied binne ’n klimaat en kultuur op skool wat die uitleef van daardie waardes ondersteun. Die toestand van die oorgrote meerderheid van ons skole is egter lynreg in botsing met die uitleef van etiese waardes.

Die feite is welbekend: Die verniel van skoolgeboue; onderwysers wat laat kom vir klas of gewoon nie opdaag nie; onderwysers wat sjebiens bedryf waar drank aan

leerlinge verkoop word; en onderwysers wat seks met leerlinge het.

Kortom: Waar geweld op die skoolterrein, tienerswangerskappe en gebrek aan respek vir mense en eiendom algemeen is, kan etiese waardes beswaarlik vrugbare teelaarde vind.

Skole sal dus getransformeer moet word indien waarde-onderrig enigsins 'n kans op sukses kan hê. Onderwysers moet rolmodelle van etiese gedrag word. Ouers moet betrek word. Die departemente van onderwys moet ondersteuning verleen en dissipline toepas.

Die vernietigende invloed van die militante en selfsugtige vakbond – die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (Sadou) – sal gestuit moet word.

**Etiek in die land**

Uiteraard is skole deel van die wyer sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede van die land. As dit waarde-onderrig weerspreek, sal die sukses van daardie onderrig gekortwiek word.

Byvoorbeeld: Indien geweld tydens stakings ongestraf bly, invloedryke persone – wat rolmodelle behoort te wees – met korrupsie wegkom, senior politici onsinnige uitsprake maak wat die regbank ondermyn, en daar 'n algemene laksheid met wetstoepassing en werksetiek is, sal waarde-onderrig 'n opdraande stryd voer.

Tog is daar wonderbaarlike voorbeelde van skole wat eilande van uitnemendheid in 'n see van wanorde is. Sonder uitsondering is dit die gevolg van 'n professionele skoolhoof wat beheer neem.

**'n Pad vorentoe**

Ten spyte van al hierdie hindernisse behoort Motlanthe se oproep ernstig opgeneem, gedebatteer en ondersoek te word. Hier is drie beginpunte wat ingestel kan word sonder om leerplanne op hulle kop te keer:

Eerstens: Aangesien die skoolvak lewensoriëntering (LO) reeds ’n waarde- of etiekkomponent, het, moet LO-onderwysers bemagtig word om hulle taak beter te verrig. Navorsing deur die Etiek-Instituut van Suid-Afrika toon duidelik wat die kernprobleme en moontlike oplossings is.

Tweedens: Rus onderwysers toe om die waarde-aspekte van hulle onderskeie vakke te verstaan en in hulle leerplanne te integreer. Sodoende sal etiek nie bloot in ’n LO-ghetto vashaak nie.

Byvoorbeeld: Leerplanne van ekonomiesewetenskap-vakke behoort die etiese redes vir akkurate boekhouding en ouditering, die etiese grondslag van korporatiewe bestuur, en verantwoordelikhede ten opsigte van die omgewing in te sluit.

Derdens: Die bemagtiging van onderwysers om etiek-onderrig te gee, moet veranker wees in goeie wetenskaplike navorsing oor hóé om waardes in skole te vestig, soos dié van die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch

*Prof. Landman is uitvoerende direkteur van die Etiek-Instituut van Suid-Afrika en buitengewone professor in die filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.*